**1 AUGUSTUS** **SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 10:1-33**
**FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 10:30-33**

## Wat het die Here jou opgedra?

Wanneer die Here gebede verhoor, laat Hy twee mense wat vreemdelinge vir mekaar is, naamlik Petrus en Kornelius, se paaie kruis. Kornelius word eerste genoem: Seker omdat hy die agtergeblewene, die ongemaklike is. Hy is ‘n soeker na vrede, na God. Hy word deur dié Godsdiens en die daaruit voortspruitende belydenis en manier van leef beweeg: Liefdesdiens lê Kornelius na aan die hart – vêr meer as die eindelose getal “afgode”. Tog bly Kornelius soeker: ook soeker na iets of sal ons sê: Iemand. Hy soek die Een wat werklik redding en vrede vir hom kan bring! God verhoor sy gebed en antwoord op sy soeke. Hy bring Simon, wat ook Petrus genoem word, die gemaklike, op Kornelius se pad. Petrus het alles wat hom tevrede kan stel. Hy is ‘n ampsdraer binne die intieme kring van die gevestigde kerk binne ‘n gereserveerde godsdiens. Hy is besig met sy daaglikse gebede en altyd gereed om ‘n verklaring oor die geordende godsdiens en erediens af te lê.

Tussen ongemak en gemak staan God: Hy breek deur sy Seun hierdie mensgemaakte mure af! Hy maak rein wie onrein is, maak heilig wie gewoon wêrelds is!

Hy bring mense in sy teenwoordigheid. Hy maak oë vir mekaar oop. Deur sy Woord en Gees breek Hy ons klein wêreld oop om na mekaar se belange om te sien! Hy laat ons aan mekaar vra: Wat het die Here jou opgedra? Hoe staan jy voor God: Gemaklik of ongemaklik? Wat gebeur wanneer die Here gebede verhoor en jou in iemand se wêreld laat binnekom?

*Sing: Psalm 42:1, 5 (1936-beryming)* *Ds Steve van der Walt (Kathu/Olifantshoek)*